Laerskool
WELGEMOED
Primary School

Jip de Jager Rylaan/Drive, Welgemoed 7538
t. 021-913-2104 / f. 021-913-5154
info@welgemoedprimary.co.za

Uit die kantoor 8/2017

13 Junie 2017

Geagte Ouers

1. **Blessiekarakter skyn**
   Dr. Jeanette De Klerk-Luttig gee die volgende wenke oor karakter: Daar is gevind dat 'n goeie aanduiding van uiters suksesvolle kinders 'n groei-mentaliteit is, eerders as 'n wen-mentaliteit. Haar karakterwenk wat werk, sluit hierby aan:
   Die vraag "Het jy vandag jou beste gelewer?" is beter vir die ontwikkeling van 'n groei-mentaliteit as die vraag "Het jy vandag gewen? Of "Het jy 'n A gekry?"

   Die karaktertema wat gedurende die vorige saalbyeenkoms behandel is, was:

   Respekteer jou individualiteit

   "Save the date": Welgemoed Familie Fokus Groep
   Eerste byeenkoms vind plaas Donderdag, 31 Augustus 2017 om 18:30
   Karen Badenhorst sal ons ouers toespreek oor die onderwerp, **'Die Taal van Aanvaarding'**

2. **Kultuur**
   Ons is baie trots op ons Junior- en Seniorkoor wat uitstekend gevaar het tydens hul onlangse kompetisies. By die Tygerberg Internasionale Eisteddfod behaal die Juniorkoor 84,7% en die Seniorkoor 86,7%. Tydens hul deelname aan die landwye ATKV-koorkompetisie behaal beide kore 'n goue toekenning. Dit is 'n groot prestasie vir ons kore, aangesien hierdie kompetisie 'n strawwe en prestige kompetisies is wat landwyd aangebied word.
   Ons kore tree op 28 Junie op saam met die groep Bottomless Coffee in die NG Kerk Welgemoed. Kaartjies is beskikbaar by Riëtte Breytenbach, die koorleidster.

3. **Akademie: Eksamen**
   Die eksamen vir Gr 4 – 7 leerders begin 12 Junie en eindig 23 Junie. Tydens die eksamen sal die skool vir alle grade om 13:00 sluit. Normale uitkomtye vir die onderskeie grade sal weer vanaf Maandag, 26 Junie van toepassing wees. Lees asseblief die omsendbrief van

Donderdag, 8 Junie wat handel oor die eksamen, aandagtig deur. Dit bevat belangrike inligting.

4. Sport

4.1 Netbal

Ons is baie trots op ons skool se o.12-netbalspan wat Saterdag, 3 Junie, in die Topskole Netbalkompetisie, tweede in die Westelike Provinsie geëindig het. Om te kwalifiseer vir die Wes-Kaapkompetisie, het ons o.12-netbalspan afgereken met Bastion, Kenridge en De Hoop. Tydens die uitspeelrondtes vir die Wes-Kaap kompetisie op Saterdag, 10 Junie in Hermanus, het ons dogters tweede in hierdie kompetisie geëindig. Ons is baie trots daarop dat hulle gekwalifiseer het vir die Nasionale Topskole Netbalkompetisie wat sal plaasvind in Boksburg op 28 en 29 Junie 2017.

4.2 Sportoefeninge tot die einde van die kwartaal

12 Junie – 16 Junie:	Junior sport soos aangedui op rooster (geen oefeninge op wedstryddae). Geen sport vir o.10 – o.14 (eksamen).
19 Junie – 23 Junie:	Junior sport soos rooster (geen oefeninge op wedstryddae).
21 Junie:	Mini-rubywedstryde vs Durbanville Voorbereiding (weg). Geen sport vir o.10 – o.14 (eksamen).
26 Junie:	Netbaloefeninge soos normaalweg, maar geen hokkie-oefeninge. “Touch rugby” spanoefeninge (Slegs spanne wat ingeskryf is o.10 – o.13). Mini rugby oefeninge gaan voort.
27 Junie:	Touch rugby-toernooi (Geen hokkie-oefeninge) Geen mini-rugby oefeninge.
28 Junie:	Senior hokkie-kliniek (o.10 – o.14) en Doelwagter-kliniek. Geen rugby- en netbaloefeninge.
29 Junie:	Junior hokkie-kliniek (o.7 – o.9). Geen rugby- en netbaloefeninge.

4.3 Senior sporttoer

Ons jaarlikse Senior Sporttoer vir ons o.13A- en B-rugby- en netbalspanne, asook ons seuns en dogters o.14A- en B-hokkiespanne na George, vind vanjaar plaas vanaf 23-26 Augustus. Die spelers slaap oor in Hartenbos en een aand in George.

4.4 Spankeuses deur afrigters

Die sportkantoor ervaar druk en navrae van ouers oor spankeuses van afrigters. In die meeste gevalle rig twee of meer afrigters ouderdomsgroepe in samewerking af,

dus is die spankeuses wat gemaak word goed deurdink deur afrigters wat tyd saam met spelers op die sportveld deurbring. Dit sal 'n saak van onmoontlikheid wees om van afrigters te verwag om spankeuses aan ouers te verduidelik. Dit hou afrigters weg van hul werk en skep die indruk dat hulle nie kundig genoeg is nie. Die skool se sportbeleid wat deur ouers van die sportkomitee saamgestel is en beskikbaar is op die D6-Kommunikeerder lui as volg:

"Coaches do not have to explain team selection to parents: *A player, who does not make a team, must work harder in order to make that team. A parent who asks for explanations puts tremendous pressure on the coaches, because they cannot give a detailed explanation due to the fact that the standard of play of the players, who compete with your child, may not be discussed. Give the coach room to do what he/she has to do, and be assured that they will do no less than their very best regarding the selection of the team. Discuss any uncertainties with the coach, before making your own assumptions."*

4.5 Skaak

Die o.9- en o.11-skaakspan neem op 16 Junie deel aan die Distrik-Noord Top Skole proewe. Slegs een span per ouderdomsgroep en distrik sal kwalifiseer vir WP Topskoletoernooi.

5. Nuwe Laerskool Welgemoed webtuiste

Besoek gerus die skool se nuwe webtuiste by www.welgemoedprimary.co.za
Die doel van die webtuiste is vir bemarking en om ouers ingelig te hou oor die nuutste verwikkelinge by die skool.



6. Borge

Ons is baie dank verskuldig aan al die borge wat 'n bydrae gelewer het tot die klere en toerusting van ons senior spanne en wat byeenkomste borg op die wintersportkalender. Om hierdie borge se bydraes weer in die toekoms te bekom, vra ons dat ons ouers die onderstaande instansies se dienste en produkte ondersteun.

Williams Hunt N1 City	: Jacques Rudman	082 572 3532
Nando's Plattekloof	: Vernon	021 558 1818
		083 309 5069
Freshgold	: Pieter von Maltitz,	
	Rudolf en Marelize Botha	083 448 4980
Chas Everitt	: Lita van Rensburg	083 460 3946

Adri Grobler	:	083 235 2058
Gateway	: Jako Lee	083 289 9661
Dr Hugo en Elsette Basson	:	072 399 2112
Henriëtte en Johan Decker	:	072 650 5040
De Jagers	: Jody Strydom	079 388 2589
Innovation Wealth	: Thys Vorster	083 307 3284
Dr Thabo Matsaseng	:	082 873 3605
Obsidian Jewellery	: Gielie en Lily du Toit	082 339 5976
Gus Venter	:	083 306 8202
Kainos Properties	: Marilize van Rooyen	083 283 7855
Pam Golding	: Annien Borg	082 853 6418
Liezl Solomon & Dinky Proos	:	082 553 3174
Swish Properties	: Chrystal Grauso	083 256 1440

Vriendelike groete.

J. ENGELBRECHT
SKOOLHOOF